

FIREARMS GUARDIAN

# Regsbystand aan Boere

- Vuurwapenbesit en -gebruik
- Hulpverlening tydens plaasaanvalle waar vuurwapens nie gebruik word nie



# Wat is Firearms Guardian?

Firearms Guardian is baanbreker regs- en aanspreeklikheidsbeskerming-versekeringspakket vir wettige vuurwapeneienaars. Firearms Guardian is korttermynversekeringspolis wat aan vuurwapeneienaars gespesialiseerde dekking ten opsigte van regskostes en aanspreeklikheid bied wat uit die eienaarskap, gebruik en besit van hul vuurwapens mag voortspruit.



Firearms Guardian is 'n korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, 'n gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), 'n gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

# Uitbreiding van voordele, ten gunste van boere, na gevalle waar vuurwapen nie gebruik word nie

Verskeie lede uit die boeregemeenskap het Firearms Guardian genader met die behoefte vir bykomende regsbystand vir gevalle waar 'n boer 'n ander boer te hulp snel tydens 'n aanval, sonder die gebruik van 'n vuurwapen, wat later tot strafregtelike vervolging van die hulpverlenende boer as 'n beskuldigde of medebeskuldigde lei. Ná volgehoue druk deur Firearms Guardian het die versekeraar, GENRIC Insurance Company, daartoe ingestem om die regsbystandsdekking na sodanige gevalle uit te brei.



Firearms Guardian is 'n korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, 'n gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), 'n gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

# Vuurwapeneienaars se uitdagings

Vuurwapeneienaars word gereeld aan regs- en regulatoriese uitdagings rondom vuurwapeneienaarskap en -gebruik blootgestel, met die gevolg dat hulle op die bystand van deskundiges en spesialis regspraktisyns aangewese is. Die persepsie is dat vuurwapenwetgewing booswigte teen wie vuurwapeneienaars hulself en hul gesinne moet beskerm bevoordeel en derhalwe wetsgehoorsame burgers van hul basiese regte ontneem.

Die werklikheid is dat alle vuurwapeneienaars een of ander tyd regshulp ten opsigte van ŉ vuurwapenverwante aangeleentheid benodig. Regsdienste kan ŉ fortuin kos en ŉ vuurwapeneienaar finansieel diep in die knyp laat. ŉ Ernstige vuurwapenverwante regsgeskil kan vernietigende finansiële gevolge hê.



Firearms Guardian is ŉ korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ŉ gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ŉ gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.



# Boere se uitdagings

Dit gebeur algemeen dat lede van die boeregemeenskap eerste op die toneel van 'n plaasaanval is om 'n boer wat aangeval is, te hulp te snel. Dikwels word van die boere, wat ongewapen was tydens die hulpverlening, as beskuldigde of medebeskuldigde strafregtelik vervolg. Só bevind barmhartige Samaritane hulle in 'n uiters traumatiese en duur dilemma, bloot omdat hulle goed wou doen.

Firearms Guardian is 'n korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, 'n gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), 'n gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

# Die goeie nuus is dat daar ‘n oplossing vir vuurwapeneienaars en boere se probleem is - Firearms Guardian!

- Omvattende en uiters kragtige regs- en aanspreeklikheidsdekking
- Regsbystand in vervolgings in geval van selfverdediging met ʼn vuurwapen, vervolging wat ingevolge die Wet op Vuurwapenbeheer ingestel word, die onbeplande afvuur van ʼn vuurwapen, jagongelukke, sportskiet, vuurwapenopleiding, siviele eise ten opsigte van die gebruik van ʼn vuurwapen, en so meer
- **Regsbystand vir boere in strafregtelike vervolging: In gevalle wanneer jy nie jou vuurwapen gebruik het tydens die beskerming van jou en jou gesin se lewens en eiendom nie en in gevalle van hulpverlening aan lede van die boeregemeenskap tydens ʼn plaasaanval**
- Jou Firearms Guardian polis dek jou en jou gesin, ongeag die aantal vuurwapens wat julle besit
- Totale regskostedekking tot en met R500 000
- Aanspreeklikheidsdekking tot en met R300 000 per jaar vir skade veroorsaak deur die gebruik van ʼn vuurwapen
- 24/7 Regsbystand deur meer as 2 500 top praktiserende prokureurs en advokate landswyd
- Prokureurs en advokate word in hul veld van deskundigheid aangewend
- Alle prokureurs en advokate het meer as tien jaar praktiese ondervinding
- Regsverteenwoordiging in die Landdros- en Hooggeregshof
- Regsadvies vanaf die aanvang van jou polis
- 'n Wagtydperk van 1 maand geld vir regsverteenwoordiging in die hof en 3 maande vir aanspreeklikheidseise.
- Sake en voorvalle wat reeds tydens die aanvang van die polis bestaan is uitgesluit
- Geen bykomende of versteekte kostes is betaalbaar nie, slegs die maandelikse premie



Firearms Guardian is ʼn korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ʼn gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ʼn gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

# ŉ Landswye paneel van meer as 2 500 regspraktisyns tot jou beskikking

Die regsdienste waarop jy in terme van jou Firearms Guardian-polis geregtig is, word deur top regspraktisyns (prokureurs en advokate) verskaf. Hierdie paneel is oor etlike jare uitgekies en elke regspraktisyn word in sy/haar veld van kundigheid gebruik om jou en jou gesin te beskerm.

Geen regsassistente ("paralegals") word gebruik nie.



Firearms Guardian is ŉ korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ŉ gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ŉ gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

# Wie kan die Firearms Guardian-polis uitneem?

- Alle wettige vuurwapeneienaars
- Boere - slegs boere is geregtig op dekking i.t.v. die uitgebreide polis

**NB: Die uitgebreide polisvoordeel vir boere is deel van die normale Firearms Guardian-polis en kan nie alleenstaande uitgeneem word nie.**

# Watter tipe dekking bied ŉ Firearms Guardian-polis?

Die Firearms Guardian-polis dek jou as gelisensieerde vuurwapeneienaar en jou gesin vir:

- regsbystand t.o.v. die gebruik en besit van 'n vuurwapen
- regsbystand aan boere waar 'n vuurwapen nie gebruik is nie
- vuurwapen aanspreeklikheid.

Firearms Guardian is ŉ korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ŉ gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ŉ gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

## A Regsbystand

Jou Firearms Guardian-polis open die deur na regsadvies en regsverteenwoordiging deur meer as 2 500 top regspraktisyns (prokureurs en advokate) in enige hof in Suid-Afrika. Die polis bied dekking ten opsigte van:

### 1. Strafregtelike vervolging t.o.v. die volgende misdade en oortredings:

#### 1.1 Strafregtelike vervolging waar jy nie ŉ vuurwapen gebruik nie – uitgebreide regsbystand aan Boere:

Die Firearms Guardian-polis verskaf nou regsbystand aan boere in strafregtelike vervolgings, as beskuldigde of medebeskuldigde, in gevalle waar ŉ boer nie ŉ vuurwapen gebruik het nie en:

- hy sy eie lewe of dié van sy gesin en sy eiendom beskerm, of
- aan ander boere hulp verleen ter beskerming van hulle lewens en eiendom in ŉ aanval

#### 1.2 Strafregtelike vervolging t.o.v gemeenregtelike aanklagte

- Moord
- Poging tot moord
- Strafbare manslag
- Aanranding gewoon
- Aanranding met die doel om ernstig te beseer
- Jagverwante vervolgings
- Besering/skade aan persone of eiendom wat uit die gebruik van ŉ vuurwapen voortspruit kietongelukke tydens jagtogte/sportskietgeleenthede/vuurwapen-opleidingsessies, ens
- Aansoeke om borgtog
- Betaling van borgtog tot R5 000
- Appèlle wat met enige vuurwapenverwante vervolging verband hou.


Firearms Guardian is ŉ korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ŉ gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ŉ gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

### 1.3 Vervolgings in terme van artikel 120 van die Wet op Vuurwapenbeheer (Wet 60 van 2000) ten opsigte van byvoorbeeld die volgende aangeleenthede:

- Die afvuur van vuurwapen in ŉ beboude gebied of openbare plek
- Nalatige verlies van ŉ vuurwapen
- Die dra van ŉ vuurwapen in ŉ openbare plek
- Kennisgewing van adresverandering; ens.

## 2. Sivielregtelike eise

### 2.1 Aangeleenthede met betrekking tot die gebruik van 'n vuurwapen

- Skadevergoedingseise weens die dood of besering van ŉ derde party wat deur die gebruik van jou vuurwapen veroorsaak is
- Verlies van of skade aan eiendom wat deur die gebruik van jou vuurwapen veroorsaak is
- Siviele eise weens onwettige of ongelisensieerde jag met jou vuurwapen
- Skietongelukke tydens jagtogte, sportskietgeleenthede, vuurwapenopleidingsessies, ens.
- Aangeleenthede wat verband hou met skietoefeninge by skietbane
- Aangeleenthede wat verband hou met die beoefening van sportskiet
- Aangeleenthede wat verband hou met vuurwapenopleiding; ens.

### 2.2 Aangeleenthede spesifiek met betrekking tot eienaarskap en besit van jou vuurwapen:

- Regsopinies m.b.t. tot vuurwapenaangeleenthede
- Boedelvuurwapens
- Onwettige arrestasie deur die SAPD en metropolisie
- Geskille wat met die aankoop van ŉ vuurwapen verband hou soos:
  - Waarborge
  - Defektiewe goedere
- Probleme met versekeringsmaatskappye
- Probleme met bure
- Beskermingsbevele; ens.

## 3. Voorvalle tydens vervoer van vuurwapens:

- Roekelose of nalatige bestuur
- Strafbare manslag weens ŉ ongeluk
- Dronkbestuur

Beperk tot jou reise na en van jagekspedisies, sportskietgeleenthede en vuurwapenopleidingsessies

## 4. Regsbystand met Administratiewe Vuurwapenaangeleenthede met betrekking tot

- Onbevoegdheidsverklarings om 'n vuurwapen te besit ingevolge artikel 102 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens - Beperk tot die administratiewe verrigtinge van artikel 102 en appèlle na die Appèlraad vir Vuurwapens, uitgesluit hersieningsverrigtinge in die Hof.
- Appèlle teen 'n afgekeurde vuurwapenlisensie-aansoek.
- Probleme met die verskaffing van 'n vuurwapenlisensiekaart deur die SAPD nadat ‘n lisensie-aansoek goedgekeur is..
- Bystand rakende die vertraging deur die SAPD om 'n finale besluit binne 90 werksdae vanaf die aansoek om 'n vuurwapenlisensie of lisensiehernuwing en 120 werksdae vanaf ‘n aansoek om bevoegdheid te gee.


Firearms Guardian is ŉ korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ŉ gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ŉ gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

## B Dekking vir Vuurwapenaanspreeklikheid

Jy word gedek vir skadevergoeding (eis vir geldwaarde), waarvoor jy aanspreeklik word ná die dood of liggaamlike besering van 'n derde party of verlies van of skade aan tasbare roerende of onroerende eiendom, wat voorkom weens jou gebruik van jou vuurwapen wat tot 'n eis lei.

Jy word teen aanspreeklikheid vir alle gebruike van 'n vuurwapen gedek, insluitend:

- ongelukke tydens jagtogte, georganiseerde sportskietgeleenthede en vuurwapenopleidingsessies
- toevallige afvuur van die wapen
- ter selfverdediging.



Firearms Guardian is 'n korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, 'n gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), 'n gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

# Hoeveel sal ŉ Firearms Guardian-polis my kos?

| | | |
|---|---|---|
| **Opsie 1: R135 per maand** waar die besit en gebruik van ŉ vuurwapen betrokke is: | **Opsie 2: R245 per maand** waar die besit en gebruik van ŉ vuurwapen betrokke is: | **Opsie 3: R325 per maand** waar die besit en gebruik van 'n vuurwapen betrokke is: |
| • regskstedekking van tot **R100 000** per saak/eis; en<br>• aanspreeklikheidsdekking tot **R100 000** per jaar. | • regskostedekking tot **R300 000** per saak/eis; en<br>• aanspreeklikheidsdekking tot **R300 000** per jaar. | • regskostedekking tot **R400 000** per saak/eis; en<br>• aanspreeklikheidsdekking tot **R300 000** per jaar. |
| **Opsie 4: R180 per maand** waar die gebruik en besit van 'n vuurwapen betrokke is, asook gevalle waar 'n vuurwapen nie gebruik is terwyl lewens op plase beskerm is of 'n boer bygestaan is nie: | **Opsie 5: R290 per maand** waar die gebruik en besit van 'n vuurwapen betrokke is, sowel as gevalle waar 'n vuurwapen nie gebruik is terwyl lewens op plase beskerm is of 'n boer bygestaan is nie: | **Opsie 6: R370 per maand** waar die gebruik en besit van 'n vuurwapen betrokke is, asook gevalle waar 'n vuurwapen nie gebruik is terwyl lewens op plase beskerm is of 'n boer bygestaan is nie: |
| • regskostedekking van tot **R100 000** per saak/eis en aanspreeklikheidsdekking van tot **R100 000** per jaar waar 'n vuurwapen gebruik is; plus<br>• bykomende regskostedekking van tot **R50 000** per saak/eis wanneer 'n boer bygestaan word in 'n aanval, sonder die gebruik van 'n vuurwapen, wat lewens en/of eiendom beskerm | • regskostedekking van tot **R300 000** per saak/eis en aanspreeklikheidsdekking van tot **R300 000** per jaar waar 'n vuurwapen gebruik is; plus<br>• bykomende regskostedekking van tot **R100 000** per saak/eis wanneer 'n boer bygestaan word in 'n aanval, sonder die gebruik van 'n vuurwapen, beskerming van lewens en/of eiendom | • regskostedekking van tot **R400 000** per saak/eis en aanspreeklikheidsdekking van tot **R300 000** per jaar waar 'n vuurwapen gebruik is; plus<br>• bykomende regskostedekking van tot **R100 000** per saak/eis wanneer 'n boer bygestaan word in 'n aanval, sonder die gebruik van 'n vuurwapen, wat lewens en/of eiendom beskerm |

***Ons premies word jaarliks hersien***
***Dieselfde polisvoordele geld vir al die bogenoemde opsies***



Firearms Guardian is ŉ korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ŉ gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ŉ gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.



# Hoe doen ek aansoek vir 'n Firearms Guardian-polis?

Omdat ons weet hoe besig jy is, maak ons dit so maklik as moontlik om by Firearms Guardian aan te sluit:

- besoek ons webtuiste by www.firearmsguardian.co.za en voltooi die aanlyn aansoekvorm; of jy kan een van ons geakkrediteerde makelaars kontak en 'n aansoekvorm invul; of
- bel ons by 012 665 2500 vir verdere inligting; of
- versoek ons op ons webstuiste om jou te bel.

Firearms Guardian is 'n korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, 'n gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), 'n gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

# Die Firearms Guardian-polis sluit onder andere die volgende uit:

***NB: Die uitsluitings hieronder is 'n samevatting van die uitsluitings. 'n Volledige lys van al die uitsluitings sal op versoek verskaf word.***

**Algemene Uitsluitings:**

- Alle aangeleenthede wat nie spesifiek by die lys van die eisbare aangeleenthede in die polis as voordele ingesluit word nie
- ŉ Aangeleentheid wat buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika voorkom
- Eise wat ingestel word ná 31 dae vanaf die datum waarop ʼn eisoorsaak ontstaan of ná 31 dae vanaf die datum waarop jy bewus geraak het van sodanige voorval of ʼn eis teen jou.



Firearms Guardian is ŉ korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ŉ gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ŉ gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

## Ten opsigte van die regsbystandsdekking sluit die polis die volgende uit:

- Alle aangeleenthede wat nie spesifiek by die lys van die eisbare aangeleenthede in die polis as voordele ingesluit word nie.
- Die bykomende regsdekking in strafregtelike vervolging met betrekking tot voorvalle waar 'n vuurwapen nie gebruik is nie, is slegs aan boere beskibaar.
- Die polis dek slegs jou en jou gesin en nie plaaswerkers of huurders of besoekers nie.
- Dekking in terme van die uitgebreide polis is beperk tot gevalle waar jy hulp verleen aan ander boere tydens die uitvoering van alledaagse boererybedrywighede. Voorvalle wat byvoorbeeld verband hou met uitstappies na die dorp of die uitoefening van een of ander sport is uitgesluit.
- Voorvalle wat buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika plaasvind.
- Litigasie- en verteenwoordigingsdienste ten opsigte van gebeure, gedinge of omstandighede wat 'n aanvang geneem het of plaasgevind het of waar die oorsaak of gronde vir aksie ten opsigte van daardie gebeure of omstandighede voor die aanvang van die polis of binne die een maand wagtydperk ontstaan het.
- Die betaling van enige boete, belasting, heffing, enige getuiefooie, rys- en verblyfkostes, enige koste ten opsigte van deskundige getuies en deskundige getuies se verslae. Kostes t.o.v. ballistiese verslae en getuienis word egter deur die polis gedek.
- Enige sake wat verband hou met die gebruik van 'n ongelisensieerde vuurwapen.

**Ten opsigte van die dekking vir vuurwapenaanspreeklikheid sluit die polis verder enige verlies of skade uit wat veroorsaak word deur:**

- Die gebruik van ŉ vuurwapen terwyl jy onder die invloed van alkohol of dwelms is
- Enige opsetlike/doelbewuste onwettige gebruik van ŉ vuurwapen
- Speelse hantering van ŉ vuurwapen
- Die gebruik van jou vuurwapen deur 'n persoon anders as jyself of jou gesin



Firearms Guardian is ŉ korttermyn versekeringsproduk, geadministreer deur Firearms Guardian (Pty) Ltd, ŉ gemagtigde FDV (FSP47115) en onderskryf deur GENRIC Insurance Company Limited (GENRIC), (FSP 43638), ŉ gemagtigde FDV en gelisensiërde nie-lewens Versekeraar.

# Kontak Firearms Guardian

Border Road East 319C, Lynnwood, Pretoria

Tel 012 665 2500

Email: info@firearmsguardian.co.za

Die inligting vervat in hierdie brosjure is ŉ samevatting van die Firearms Guardian produk. Hierdie dokument dien slegs as inligtingstuk en vervang nie die inhoud van die polisskedule wat deur Firearms Guardian (Pty) Ltd en GENRIC Versekeringsmaatskappy Bpk uitgereik word nie. Die polisskedule weerspieël en bevat die volledige voordele, bepalings, voorwaardes en uitsluitings.

**Bepalings en Voorwaardes geld**

**Vir meer inligting besoek www.firearmsguardian.co.za**